



COVID-19-gedragkode vir studente wat na die kampus terugkeer

Inleiding

In reaksie op die uitdagings van die COVID-19-pandemie moet ons almal in sosiale solidariteit saamwerk om die verspreiding van die virus te beperk, te voorkom dat die gesondheidsorgstelsel oorweldig word, en om lewens te red. Behalwe die bekende maatreëls om ons effektief teen die virus te beskerm, is daar ook werkswyses op die kampus wat aanvanklik vreemd kan voorkom.

Om ons te oriënteer wat die nuwe maniere van optrede betref, moet alle terugkerende studente voldoen aan 'n Gedragkode wat deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) voorgeskryf word.

Hierdie Gedragkode is 'n uitbreiding van die reëls wat op alle ingeskrewe studente van die Universiteit Stellenbosch (US) van toepassing is. Daar word van alle studente verwag om by die veranderinge te hou wat ons aan die normale gedragsspatrone op die kampus en in die koshuise aangebring het en te verseker dat almal riskante gedrag vermy.

Hierdie Gedragkode verwys na:

1. Jou verbintenis en jou onderneming om veilige higiëne binne die koshuis en op die kampus toe te pas
2. Jou verbintenis en jou onderneming om selfsifting vir COVID-19 simptome met behulp van die [HigherHealth-siftingsinstrument](#) te doen
3. Jou nakoming van die protokol vir selfisolasie
4. Die reëls in die koshuise en op die kampus
5. Jou samewerking indien daar van kamers verskuif moet word
6. Die behoorlike skoonmaak van oppervlakke
7. Beperkte toegang tot kampusgeboue
8. Enige student wat simptome van COVID-19 toon
9. Wysigings aan die Gedragkode

Vir gereelde vrae oor die algemene funksionering van die kampus, besoek die [COVID-19-bladsy](#) op die US-webwerf.

Gereelde vrae oor die funksionering van jou fakulteitsgeboue word behandel onder die COVID-19-inligting op die US-webwerf by die [Gereelde vrae van studente-bladsy](#).

Die volgende inligting is veral belangrik:

1. Veilige higiëne

(a) In die buitelug.

Die kans is aansienlik minder dat die virus buitenshuis oorgedra word as binnenshuis. Goed geventileerde vertrekke verminder ook die waarskynlikheid van oordrag. Dit is beter om buite te wees indien jy tussen ander mense is en te verseker dat vertrekke goed geventileer is wanneer jy binne is, terwyl die maatreëls in (b) en (c) hierna ook gevolg moet word.

(b) Fisiese afstand en handewas. Die doeltreffendste manier om die verspreiding van COVID-19 te bekamp, is om te verseker dat ons 'n veilige afstand van ander mense hou, 'n gesigmasker dra wanneer ons met ander gesels, ons hande gereeld was, en in ons elmboë hoë of nie. Die volgende voorsorgmaatreëls moet getref word:

- Was jou hande gereeld met seep en water (minstens vir 20 sekondes), of gebruik 'n alkohol-handontsmetmiddel om gereeld te ontsmet.
- Bly altyd op 'n veilige afstand van minstens 1,5 m vanaf ander.
- Bly op 'n veilige afstand vanaf almal wat hoë of nie. Bedek jou neus en mond met jou geboë elmboog of 'n sneesdoekie wanneer jy hoë of nie.
- Moenie aan jou oë, neus of mond raak voordat jy jou hande gewas of ontsmet het nie.
- Reinig alle oppervlakke wat gereeld aangeraak word met seep en water of huishoudelike bleikmiddel/ontsmetmiddel voordat jy daaraan raak en nadat jy die oppervlakke gebruik het.
- Vermyn hoërisiko-kontak met siek mense.
- Bly tuis indien jy sleg voel of simptome toon.
- Indien jy koorsig voel, hoë en asemhalingsprobleme het, bekom mediese hulp by die Kampusgesondheidsdienste. Bel eers vooraf (sien kontakbesonderhede hier na).

(c) Die dra van 'n lapmasker. Die dra van 'n lapmasker is verpligtend en verminder die risiko van die oordrag van die virus. Wanneer jy 'n masker dra, word jy ook beskerm teen ander wat besmet kan wees. Indien jy met die virus besmet is, kan jy ander besmet nog voor jy enige simptome toon of selfs indien jy geen simptome ervaar nie. Jy moet 'n lapmasker dra wanneer jy in die openbaar is, wanneer jy enige kampusgebou betree, of indien jy in 'n gemeenskaplike area in jou US-studenteverblyf is.

2. Selfsifting. Dit is verpligtend om via die HigherHealth-instrument 'n daaglikse selfsifting te doen (jy kan meer as een keer 'n dag selftoetsing doen) vir toegang tot enige van die US-geboue, ingesluit koshuise en ander akkommodasie. Klik [hier](#) om die aanlyn vorm te voltooi. Die HigherHealth-kontrole moet eerlik en met integriteit voltooi word. (Slegs selfsifting via die webweergawe word aanvaar. Jy mag alleenlik na die kampus reis indien jy 'n laerisiko-/groenstatus het, anders moet jy isoleer en die Kampusgesondheidsdiens kontak. Daar word van jou verwag om die resultate van jou HigherHealth-sifting te toon (gebruik die webweergawe) wanneer jy US-geboue betree, dus moet jy onthou om 'n skermskoot van jou siftingsresultaat vir die dag te maak. Dit is moontlik dat jy die uitslag van jou resultate meermale op die kampus sal moet toon.

Studeer in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW) moet die selfontwikkelde PowerApps Daily Monitoring Tool gebruik vir alle FGGW-studente wat na die kampus toe teruggenooi is wanneer hulle toegang tot enige van die US-geboue, ingesluit koshuise en ander akkommodasie, en vir Universiteitsvervoer na kliniese terreine, moet verkry. Jy kan soos volg toegang tot die Toep bekom:

- AANLYN – [KLIK HIER](#) (teken aan met jou US-besonderhede en gee die Toep toegang tot Office365; voltooi en dien in)
- Laai die PowerApps-toepassing op jou mobiele toestel af
 - Jy kan ook die PowerApps Tool van die Apple- en die Android-winkel aflaai
 - <https://apps.apple.com/us/app/power-apps/id1047318566>
 - <https://play.google.com/store/apps/details?id=com.microsoft.msapps&hl=en>
 - Gebruik die SU Daily Monitoring Tool sodra dit geïnstalleer is

Toon jou Green Clearance GRANTED-kennisgewing aan sekuriteit om toegang tot alle kampusgeboue te verkry. Personeel moet ook hul toegangskart gebruik, sodat die Universiteit

'n lys van daaglikse bywoning kan saamstel. Let daarop dat besoekers ook sifting ondergaan en dat hulle ook die vorm moet invul. Studente wat nie die FGGW se PowerApps Daily Monitoring Tool kan toon nie, moet die besoekersvorm invul.

3. Beperkte beweging

- (a) **Perke op samekomste:** Die getal mense wat samekomste mag bywoon, word van tyd tot tyd vasgestel.
- (b) **Beperkte beweging:** Volg die protokolle en beperkings ten opsigte van die aandklokke en plekke wat besoek mag word.
- (c) **Gereelde oefening:** As jy nie selfsoleer of in kwarantyn is nie, raai ons jou aan om hierdie geleentheid te gebruik om uit jou kamer te kom, te gaan stap en jou kop skoon te kry.

4. Selfisolasiëprotokol. Een van die doeltreffendste maniere om die verspreiding van die siekte te beperk, is dat 'n studentegemeenskap wat saamwoon 'n beskermde gemeenskap skep. Om hierdie rede word 'n selfisolasiëprotokol in studentegemeenskappe wat saamwoon, geïmplementeer.

- (a) 'n Student moet selfsoleer ooreenkomstig die protokol:
 - i. wanneer die student óf simptome van COVID-19 toon óf in hoërisiko-kontak (naby) was met 'n persoon met bevestigde besmetting; of
 - ii. waar die student positief vir COVID-19 getoets het; of
 - iii. wanneer die HigherHealth-instrument selfisolasië aandui.
- (b) **Wees bewus daarvan dat studente aan verskeie selfisolasiëtydperke onderworpe kan wees.** Om die risiko te verminder, volg asseblief veilige higiëne en moenie jou studentegemeenskap in gevaar stel nie. Ons maak almal staat op sosiale solidariteit in hierdie tye. Die selfisolasiëprotokol vir studente is [HIER](#) beskikbaar.

5. Aangepaste reëls in koshuise. Die reëls in koshuise is aangepas ten einde 'n beskermde studentegemeenskap te kan handhaaf.

- (a) **Toegang tot koshuise:** Jy sal tussen sekere tye nie toegang tot koshuise kan kry nie. Die tye is tans tussen 24:00 en 05:30. Alhoewel jy gedurende daardie tyd die koshuis mag verlaat, mag jy nie gedurende daardie tye die gebou binnegaan nie.
- (b) **Geen besoekers nie:** Geen studente word in 'n spesifieke US- residensiële gebou/studenteakkommodasie toegelaat indien hulle nie in daardie US- residensiële gebou/studenteverblyfplek geplaas is nie. Geen uitsonderings word toegelaat nie.
- (c) **Geen sosiale byeenkomste nie:** Geen sosiale byeenkomste met ander mense mag in koshuise of studenteverblyfplekke gehou of gereël word nie.
- (d) **Geen alkohol nie:** Dit bly 'n reël aan die US dat geen alkohol in enige US-akkommodasie of -koshuise verbruik of geberg mag word nie.

6. Verskuiwing van kamers. Studente se koshuisbestuur kan hulle versoek om in 'n ander kamer te gaan woon as die kamer wat aan die begin van die jaar toegewys is, om die selfisolasiësituasie te kan bestuur of om ander praktiese stappe vir die bestuur van die COVID-19-pandemie te vergemaklik. Jy kan selfs versoek word om meerdere kere te skuif.

7. Skoonmaak van oppervlakke. Help ons asseblief deur enige aangeraakte oppervlakke met seep en water of huishoudelike bleikmiddel/ontsmetmiddel skoon te maak. Sorg dat jy 'n

skoon en veilige omgewing vir diegene wat die gemeenskaplike ruimte deel, en in die belang van sosiale solidariteit, agterlaat.

8. **Beperkte toegang tot kampusgeboue of -lokale binne studenteakkommodasie.** Die toegang tot sekere lokale, geboue en bepaalde fasiliteite kan beperk wees wanneer jy na die kampus terugkeer. Indien jy 'n skedule ontvang om byvoorbeeld 'n laboratorium te besoek, moet jy by die tydgleuwe hou sodat die US die reëls oor fisiese afstand en die DHOO-voorskrifte kan nakom.
9. **Riskante gedrag:** Daar word van jou verwag om jou te weerhou van riskante gedrag wat jou gesondheid en die gesondheid van ander in gevaar kan stel.
10. **Ervaring van simptome van COVID-19.** Indien jy van mening is dat jy met COVID-19 besmet is, kontak die Kampusgesondheidsdiens onverwyld. Skakel jou gesondheidspraktisyn vooraf om die persoon in kennis te stel dat jy van plan is om dié se perseel te besoek, sodat voorbereidings vir jou veilige ontvangs getref kan word.

Kampusgesondheidsdienste: Stellenboschkampus
021 808 3496 / 3494

Kampusgesondheidsdienste: Tygerbergkampus
021 938 9590

Kampusgesondheidsdienste se naurse noodnommer
076 431 0305

ER24 Nooddiens (naurse mediese bystand)
010 205 3032

COVID-19 Openbare Blitslyn
0800 029 999

COVID-19 Wes-Kaapse Provinsiale Blitslyn
021 928 4102

COVID-19 WhatsApp-nommer
060 012 3456

11. **Wysigings aan die Gedragskode.** Indien enige van die maatreëls wat in die Gedragskode omskryf word, verander vanweë 'n verandering in die inperkingsvlakke of die voorskrifte van die DHOO, sal dit formeel aan jou oorgedra word. Moenie jou eie afleidings of interpretasies maak dat hierdie maatreëls verander het vanweë enige veranderings wat jy in die media of op sosiale media gelees of gehoor het nie.
12. **Bystand.** Onthou dat jy nooit skaam hoef te voel om hulp te vra nie. In die mees ekstreme gevalle kan 'n versoek om hulp 'n lewe red. Praat met vriende, familie of iemand wat sal luister wanneer jy swaarkry. So nie kan jy ons Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling by **021 808 4707** of supportus@sun.ac.za kontak. Ons 24-uur-nooddiens, in samewerking met ER24, is by **010 205 3032** beskikbaar.

- 13. Oortreding van die Gedragskode.** Enige oortreding van die bepalings van hierdie Gedragskode, of versuim om daaraan te voldoen, kom op Dissiplinêre Wangedrag neer en word ingevolge die bepalings van klousules 8.3, 9.7 en/of 9.8 van die Dissiplinêre Kode vir Studente van die Universiteit Stellenbosch hanteer. Indien studente aan die oortreding van hierdie Gedragskode skuldig bevind word, kan hulle studies vir 'n bepaalde tydperk opgehef word of kan hulle uit die Universiteit en/of koshuis geskors word.